## 28 September - RUS

**Skrifgedeelte: Matteus 11:25-30**
**Fokusgedeelte: Matteus 11:29**

Hoe kan ons tog nie oor baie dinge onrustig wees nie – onnodig onrustig! Die toekoms. Die land se ekonomie. Die manier hoe die owerheid regeer. Die stand van sake in die onderwys. Onsekerheid oor jou werk. Twyfel oor jou saligheid. Dié dinge krap jou om. Jy loop soms met 'n onstuimige gemoed rond.

Só wil ons Here Jesus egter nie hê ons moet lewe nie. Die ergste las waaronder jy gebuk kan gaan, is sekerlik die las om te probeer salig word met jou eie pogings, jou eie gehoorsaamheid. Dit is die swaar pak wat die Fariseërs op die mense gelaai het.

Maar juis hierdie las – en elke ander las – het ons Here Jesus klaar van ons skouers afgeneem en dit in ons plek gedra. Hy het die las van ons sonde kom dra. Hy het vir ons die ewige saligheid kom verdien.

Wanneer ons na Jesus toe gaan, in Hom glo, *gee* Hy vir ons rus (vs 28). By Hom *vind* ons rus (vs 29).

*Rus* impliseer hier: verlos wees van die las en vry wees van die gevolge van die sonde, 'n skoon gewete hê (Heb 9:9-12). Rus is nie 'n passiewe en negatiewe belewing nie – o nee, jy ervaar positiewe verligting en daadwerklike verfrissing by Jesus. By Jesus Christus het jy die nuwe lewe – die lewe waarin jy klaar is met die sonde, waarin jy die sonde haat, en wat uitmond in die lewe saam met Hom in die paradys.

Dit is hoe dit met jou gesteld is in die Koninkryk van God: Sprankies van die heerlikheid in die hiernamaals is vandag al jou deel. Jy ís God se kind. Jy ís 'n burger in sy Koninkryk. Jy *sál* rus vind. Beleef en geniet vandag sy gawes elke oomblik!

*Sing: Psalm 84:2, 3 (1936-beryming)* *Dr AH Grové (Emeritus)*